**Die nuwe verbond: Goddelike verlossing (OP200)**

**Jer 30:1-33:26**

**3 Desember 2024**

Die afgelope twee weke het ons na die nuwe verbond begin kyk. Ons het gesien dat die Here beloof Hy gaan nuwe harte gee aan die mense wat deel is van die nuwe verbond. Op hierdie harte van vlees sal die wet van die Here geskryf wees, en deur die werk van die Heilige Gees sal die Here sorg dat hulle die wet gehoorsaam. Laasweek het ons na die werk van die Here Jesus in die nuwe verbond gekyk. Ons het gesien dat Hy 'n beter Hoëpriester is as enige Levitiese hoëpriester, want Hy is Hoëpriester volgens 'n beter priesterorde, naamlik die priesterorde van Melgisedek. Hy is ook Middelaar van 'n beter verbond as Moses wat middelaar van die ou verbond was. Boonop doen Hy diens in 'n beter heiligdom, naamlik die ware tabernakel, anders as die Levitiese priesters wat in die fisiese Ou Testamentiese tabernakel diens gedoen het. En Hy het ook eenmalig die volmaakte offer van Sy liggaam en bloed gebring, anders as die oneffektiewe offers van die Levitiese priesters. Sodoende het die Here volkome en ewige sondevergifnis bewerk vir almal wat deel is van die nuwe verbond.

Ek het gedurende die laaste twee weke Jer 31:31-34 gebruik as teks – dit is die bekende verse wat in die Ou Testament die koms van die nuwe verbond aankondig. Ek het egter geen aandag gegee aan die konteks van hierdie verse binne die boek Jeremia nie – en dit is waaraan ek vandag aandag wil gee. Ek vertrou dat dit ons nog beter waardering vir die nuwe verbond sal gee. Vir die doel wil ek vandag oorsigtelik kyk na Jer 30-33. Natuurlik kan ons nie die hele gedeelte lees nie – ek gaan maar net enkele verse uitlig. Kan ek jou egter aanmoedig om op jou eie hierdie paar hoofstukke as 'n geheel te lees. Ek wil dit bespreek onder die volgende punte: (1) Die nood aan verlossing, (2) Die Here beloof verlossing, (3) Aan wie die Here verlossing beloof, (4) Hoe die Here gaan verlos, (5) Wat die effek van die verlossing gaan wees, (6) Wat die Here dring om te verlos.

<u>Die nood aan verlossing</u>

Ons weet Jeremia het opgetree van kort voor die Babeloniese ballingskap tot met die val van Jerusalem en die wegvoer van Juda in ballingskap. Hy het grotendeels in Juda opgetree, maar sy uitsprake het ook betrekking gehad op Israel wat alreeds in ballingskap weggevoer was na Assirië. 'n Groot fokus van die profesieë wat die Here deur Jeremia aan die volk gerig het, was juis die komende ballingskap vir Juda. Dit is belangrik om te verstaan hoekom die Here die volk gewaarsku het oor die komende ballingskap. Lees Jer 30:15. Die wortel van die probleem was die volk se sondeskuld – die Here se uitspraak was dat die volk se sondeskuld groot is en hulle het talryke sondes gepleeg. Ons ken die Ou Testamentiese geskiedenis – hierdie sondeskuld van die volk het opgebou oor baie jare, selfs oor baie geslagte, ten spyte van baie waarskuwings oor baie jare deur baie profete. Die volk het egter volhard in sonde, en die situatie het met verloop van tyd versleg. Die ballingskap van Israel, so wel as die komende ballingskap van Juda, is die resultaat van hierdie sondeskuld. En, let op, dit is die Here wat dit stuur – die Here sê spesifiek: "Ek het jou hierdie dinge aangedoen".

Maar kom ons lees nou Jer 32:42. Hier bevestig die Here dit is inderdaad Hy wat die onheil oor die volk gebring het, maar dit is ook Hy wat al die goeie dinge wat Hy oor hulle sê oor hulle sal bring. Sien jy die verstommende wat hier gebeur? Die volk sondig – daarom stuur die Here ballingskap – Israel is reeds in ballingskap, Juda word gewaarsku hulle ballingskap kom ook. Maar selfs al lê ballingskap vir Juda nog voor, beloof die Here ook alreeds dat Hy goeie dinge oor hulle gaan bring.

Hy gaan hulle ook verlos. Dit is oor hierdie verlossing wat ons nou in meer detail wil besin – want die Here maak verskeie uitsprake hieroor in hierdie hoofstukke.

Die Here beloof verlossing

Lees Jer 30:3. Hier beloof die Here verlossing, en dit is verlossing uit ballingskap wat die Here beloof. Hy sal beide Juda en Israel terugbring na die land wat Hy aan hulle voorouers beloof het. Lees Jer 31:11. Hier word dit duidelik die Here gaan Jakob (wat natuurlik die voorvader was van Israel en Juda) loskoop. Die Here gaan dit doen. Hy gaan hulle loskoop uit die hand van hulle vyande – en hulle vyand was sterker as hulle – dit is tog hoe hulle in ballingskap beland het.

Jer 32 is 'n aangrypende hoofstuk. Lees verse 1-3. Sedekia was op hierdie stadium koning in Juda. Jeremia het herhaaldelik geprofeteer dat die Here Juda sal oorgee in die hand van die koning van Babel. Trouens, op hierdie stadium was die koning van Babel juis besig om Jerusalem te beleër. Maar steeds wil Sedekia niks hoor nie – in plaas van om ag te slaan op die waarskuwings van die Here deur Jeremia, perk Sedekia eerder vir Jeremia in in die binnehof van die wagte se kwartiere. Lees vers 8-9. Terwyl Jeremia ingeperk is, terwyl die beleëring van Jerusalem aan die gang is, kom Jeremia se neef na hom toe en vra dat Jeremia sy stuk grond in Benjamin moet koop. Onthou, dit is Jeremia wat moes aankondig die ballingskap kom. Onthou, Jeremia is ingeperk oor hy die ballingskap aangekondig het. As daar een persoon in Juda was wat seker moes wees dat die ballingskap definitief aan die kom is, dan was dit sekerlik Jeremia. Die laaste ding wat ons sou dink dat Jeremia onder hierdie omstandighede sou doen, is om 'n stuk grond te koop – immers hulle is op die punt om in ballingskap te gaan. Dit maak eenvoudig nie logies sin om nou 'n stuk grond te koop nie. Maar tog doen Jeremia dit. Die rede waarom Jeremia dit gedoen het, was: hy het geweet dat dit die woord van die Here was. Lees vers 15. Die Here, dit is die Verbondsgod, die Here wat Heerser is oor alle magte, die Here wat ook die God van Israel is, sê: "Daar sal weer huise, landerye en wingerde in hierdie land gekoop word."

Sien jy die prentje? Jeremia kondig die oordeel van die Here aan. Hy is oortuig dit kom. Hy is so oortuig daarvan, hy deins nie eens terug al word hy ingeperk nie. Jeremia is egter netso oortuig dat die Here die volk weer gaan terug bring – hy is so oortuig daarvan dat hy sy neef se stuk grond koop. Die punt wat ons moet raaksien is die volgende: Die Here beloof oordeel en straf, maar die Here beloof ook verlossing.

Aan wie die Here verlossing beloof

So, Israel is reeds in ballingskap, en Juda is op die punt om in ballingskap te gaan. Maar terselfdertyd beloof die Here ook verlossing. Die vraag is nou aan wie beloof die Here verlossing?

Lees weer Jer 30:3. Die Here beloof verlossing aan Israel en Juda – let op: Israel én Juda. Lees Jer 30:18. Die Here gaan die lot van Jakob verander – Jakob was die voorvader van al twaalf die stamhoofde van die hele volk Israel – dit sluit Juda en Israel in. Geliefdes, ons moet dit nie mis nie: Die Here beloof verlossing aan Juda én Israel. Ons is so geneig om te dink aan die feit dat die Ou Testament ons net vertel van die volk wat uit die Babeloniese ballingskap teruggekeer het, m.a.w. aan net Juda wat uit ballingskap teruggekeer het. Maar die Here beloof hier verlossing aan Juda en Israel. Ons sal mooi moet besin hoe ons dit moet verstaan dat beide Juda en Israel verlos gaan word. Ek hoop om volgende week in meer detail hieraan aandag te gee.

Lees Jer 31:7. Maar hier is nog iets waarvan ons moet kennis neem: die wat verlos word, is die oorblyfsel van Israel. Verstaan jy die implikasie van wat ons geleer word? Aan die een kant word die

verlossing beloof aan Israel en Juda, maar aan die ander kant word dit net beloof aan die oorblyfsel van Israel – m.a.w. nie aan die hele Israel nie.

Onthou: Dit was die hele volk Israel, d.w.s. Israel én Juda, wat destyds uit Egipte verlos is. Dit was met die hele volk Israel, d.w.s Israel en Juda, wat die Here die ou verbond by Sinai gesluit het. Dit was ook die hele volk Israel, d.w.s. Israel en Juda, wat gesondig het teen die Here. Israel het alreeds die oordeel van die Here beleef, maar Juda was ook op die punt om die oordeel van die Here te beleef. Maar nou beloof die Here dat Hy Israel en Juda gaan red - maar nie almal uit Israel en Juda nie, net sommiges, net die oorblyfsel. Maar hoe gaan dit werk? Moet ons hiermee verstaan dat die oorblyfsel net diegene is wat later uit ballingskap teruggekeer het? Maar hulle was tog almal uit Juda, ons sou kon sê hulle was 'n oorblyfsel uit Juda – maar wat dan van die oorblyfsel uit Israel?

<u>Hoe die Here gaan verlos</u>

Om beter te verstaan wat dit beteken as die Here onderneem om die oorblyfsel uit Israel (d.w.s. Israel en Juda) te verlos, is dit nuttig om te kyk na hoe die Here hierdie oorblyfsel gaan verlos.

Lees Jer 31:27-30. In verse 27-28 maak die Here dit duidelik dat daar dae gaan kom wanneer Hy weer mense en diere sal saai in Juda en Israel, m.a.w. daar kom dae wat die Here mense uit Juda en Israel gaan verlos. Soos wat die Here in die verlede hulle gestraf het oor hulle sonde, sal die Here voortaan daarop bedag wees om hulle op te bou en te plant. En dan maak die Here die uitspraak: In daardie dae sal elke mens wat groen druiwe eet se eie tande stomp word. Niemand sal meer kan redeneer dat ouers wat groen druiwe eet, hulle kinders se tande kan laat stomp word nie. Wat beteken dit? Daar was 'n siening dat die eet van fisiese groen druiwe, stomp tande tot gevolg gehad het. Die implikasie hiervan is die volgende: As iemand iets onverantwoordeliks doen (soos groen druiwe eet), dan is daar gevolge (jou tande word stom). Die volk wat op daardie stadium geleef het, en wat of alreeds in ballingskap was of op die punt gestaan het om in ballingskap te gaan, sou kon redeneer hulle dra die gevolge van hulle voorouers se sondes. Hulle voorouers het gesondig (groen druiwe geëet), en nou gaan hulle in ballingskap (hulle tande word stomp). Wat die Here egter nou in vers 30 beloof, is dat dit in die dae wat kom, nie meer so sal wees nie – elkeen sal self verantwoordelik gehou word vir sy eie sonde.

En dan volg die Here dit op met Jer 31:31-34 – die verse wat ons die afgelope twee weke in detail oordink het. Hier beloof die Here dat Hy aan elkeen wat deel is van die nuwe verbond wat die Here in daardie dae gaan sluit, 'n nuwe hart sal gee waarop die wet van die Here geskryf is. Uit Esegiël weet ons die doel hiermee is sodat hierdie persone wel die opdragte van die Here sal kan nakom deur die werk van die Heilige Gees in hulle. Dit beteken dat die Here in elkeen wat deel van die nuwe verbond is, persoonlik sal werk. Daarom kan die Here hulle dan ook elkeen verantwoordelik hou vir wat hulle doen – as hulle groen druiwe eet, sal hulle eie tande stomp word. Genadiglik weet ons dit is juis die werk van die Heilige Gees om hierdie mense te leer om nie groen druiwe te eet nie. Ons het ook gesien die gevolg van hierdie werk van die Here in die harte van elke lid van die nuwe verbond is dat hulle almal die Here sal ken. Hulle sal almal wedergebore wees. As ons dus wonder oor wie die oorblyfsel is uit Juda en Israel wat die Here gaan verlos, sien ons dit is hierdie mense wat in die nuwe verbond ingesluit is, in wie die Heilige Gees nuwe harte werk, wat wedergebore is, wat elkeen werklik die Here ken. Dit is hulle wat die oorblyfsel is.

Lees Jer 31:18-19. Sien jy wat hier gebeur? Dit is as die Here iemand inbreek, dat daardie persoon inbreek. Dit is as die Here iemand laat terugkeer na Hom toe, dat die persoon terugkeer na die Here. Hoe gebeur dit? Deurdat die Here deur Sy Gees nuwe harte gee. Die Here gee die nuwe harte wat die wil van die Here wil doen – en dan keer die persoon terug na die Here, maar dit is die Here wat

die hart gee en die persoon wil laat terugkeer. Dit is nadat die Here so iemand tot inkeer laat kom het, dat hy berou het oor sy sonde en beskaamd staan oor sy vorige optrede.

Maar ons lees ook in Jer 31:34 dat hierdie oorblyfsel se verlossing nog meer inhoud het – dit hou ook in dat hulle volledige en ewige sondevergifnis sal ontvang – soos wat ons laasweek in detail oordink het. Laasweek het ons uit Heb 8-10 geleer dit het juis gebeur deur die werk van die Here Jesus as Middelaar van die nuwe verbond. Die wonder van die verlossing van die Here is verstommend: As die Here in vers 30 sê in die nuwe verbond sal elkeen se eie tande stomp word as hy groen druiwe eet, beloof die Here daarmee saam die Heilige Gees sal lede van die nuwe verbond leer om nie groen druiwe te eet nie, en boonop het die Here Jesus vergifnis bewerk vir elke keer wat hulle nog wel groen druiwe sal eet.

Lees Jer 31:15-17. Hier sê die Here dat daar in daardie dae (vgl Jer 31:1), m.a.w. in die tyd wat die Here die verlossing gaan bring, 'n gehuil sal wees in Rama oor kinders wat gesterf het. Maar die Here sê ook hulle moet ophou huil – want, beloof die Here, daar sal beloning wees en daar is hoop en die nageslag sal terugkeer na die land. Mat 2:16-18 maak hierdie uitspraak van toepassing op die kindermoord wat Herodes laat pleeg het kort na Jesus se geboorte. Ek hoop dit word duidelik dat "daardie dae" waarna Jeremia gereeld verwys, verwys na die aanbreek van die nuwe verbond wat formeel in werking getree het met Jesus se eerste koms.

Kom ons blaai nou na Jer 33 toe. In hier die hoofstuk lees ons van 'n tweede uitspraak van die Here deur Jeremia terwyl hy ingeperk was. Lees verse 7-9. Hier kry ons weer die bevestiging dat die Here se verlossing van Juda en Israel inhou dat Hy hulle sondeskuld sal vergewe, soos wat ons sopas gesien het. Lees nou Jer 33:14-15. Daardie dae, m.a.w. die dae waarin die nuwe verbond formeel gevestig sal wees, sal ook saamval met die opskiet van 'n Spruit van geregtigheid vir Dawid. Natuurlik weet ons dit verwys na die Here Jesus wat sou kom as vervulling van die belofte in die Dawidverbond – Hy sou kom as die Koning wat die duiwel sou oorwin, bo en behalwe dat Hy ook sou kom as die Hoëpriester wat die volmaakte offer sou bring. Jer 31:11 sê die Here het beloof om Jakob vry te koop uit die hand van een wat sterker is as hy – dit is wat Jesus kom doen het as die Nakomeling van Dawid – Hy het die een wat sterker is as ons, die duiwel, kom oorwin, en so het Hy ons vrygekoop.

<u>Wat die effek van die verlossing gaan wees</u>

Ons het nou al gesien die verlossing wat die Here beloof geld vir die oorblyfsel uit Israel en Juda, en ons het gesien dat dit bewerk word deur die werk van die Here Jesus asook deur die werk van die Heilige Gees. Hierdie verlossingswerk gebeur in elkeen wat deel is van die nuwe verbond. Die oorblyfsel is dus almal wat deel is van die nuwe verbond.

Maar die Here het ook deur Jeremia heelwat uitsprake gemaak oor wat die effek van hierdie verlossing gaan wees. Kom ons kyk kortliks daarna:

In Jer 30:3 het die Here al aangekondig die effek gaan dramaties wees – daar het die Here gesê Hy gaan die lot van Israel en Juda verander. Hy het ook daar beloof Hy sal hulle uit ballingskap terugbring na die land wat Hy aan hulle voorouers beloof het. Lees Jer 30:7-8. Die Here beloof om die juk van hulle nekke af te breek – en die gevolg sal wees dat hulle die Here sal dien, en hulle sal ook hulle koning Dawid dien, wie die Here vir hulle sal laat opstaan – natuurlik verwys dit na die Here Jesus as die Nakomeling van Dawid. Hoor jy dit? Hulle sal die Here en die Here Jesus dien – dit is natuurlik die resultaat van die werk van die Heilige Gees en die Here Jesus wat dit tot gevolg sal hê.

Lees Jer 30:18-19. Hier kry ons ‘n idee wat dit beteken as die Here sê Hy gaan die lot van Sy volk in die nuwe verbond verander: Hulle dorpe, vestings en wonings sal herbou word. Hulle sal dankliedere sing. Die Here sal hulle baie maak. Die Here sal aan hulle eer gee, en hulle sal nie gering wees nie. Onthou die belofte van die Here aan Abraham in Gen 12:2 "Ek sal jou ‘n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou naam groot maak; sodat jy ‘n seën sal wees" – dit is wat die Here ook hier aan die oorblyfsel beloof.

Lees Jer 31:8. Die oorblyfsel van Juda en Israel wat uit ballingskap gaan terugkeer, gaan terugkeer as ‘n geloofsgemeenskap. Onthou jy wat ons twee weke gelede gesê het rakende die nuwe verbond? Die nuwe verbond is ‘n gemeenskap van wedergeborenes, ‘n gemeenskap van mense met nuwe harte in wie die Heilige Gees werk. Dit is natuurlik die Heilige Gees wat geloof werk in hulle harte, en daarom is hulle ook ‘n geloofsgemeenskap. Onthou wat ons al in die Abrahamverbond geleer het: Abraham het die Here geglo, en die Here het hom dit tot geregtigheid toegereken (Gen 15:6) – nou leer ons in die nuwe verbond sal die lede ‘n geloofsgemeenskap wees.

Lees Jer 31:12-13. Almal wat deel is van die nuwe verbond sal groot vreugde beleef oor die goedheid van die Here. Hulle sal nie meer rou en bedroef wees nie, hulle sal vrolikheid en vreugde beleef.

Lees Jer 33:9-11. Daar is nog ‘n effek – Jerusalem sal vir die Here vreugde verskaf. Trouens, die nasies sal hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Jerusalem gedoen het. Selfs hulle sal sidder en beef as hulle dit alles hoor, en aan die Here lofprysing bring. En die rede hiervoor is omdat Jerusalem weer bewoon sal word, daar sal weer vrolikheid en vreugde wees. Ons lees spesifiek van die vreugde van die bruidegom en die bruid wat sing van die Here se goedheid en van Sy ewigdurende troue liefde. Hulle sal hulle dank betuig in die huis van die Here, dus in die tempel in Jerusalem.

Kan ek opsom: die effek van die verlossing van die Here is dat daar baie mense sal wees wat nuwe harte ontvang het, wie se sondeskuld vergewe is, wat deur die Here tot bekering gebring is, wat almal die Here ken – hulle sal ‘n geloofsgemeenskap van wedergeborenes wees. En hulle sal groot vreugde in die Here hê, hulle sal Hom loof, in die tempel in Jerusalem in die beloofde land. En Dawid, wat uit hulle midde voortgekom het, sal oor hulle heers. Hulle sal Hom en die Here dien. Selfs die nasies sal kennis neem. Natuurlik is dit ‘n groot verlossing wat die Here beloof om te bewerk.

<u>Wat die Here dring om te verlos</u>

Ons het nou gesien die Here het beloof om die volk te straf oor hulle sonde. Maar die Here het ook beloof om te verlos – Hy gaan ‘n oorblyfsel verlos uit Juda en Israel. Hy gaan dit doen deur hulle nuut te maak en hulle sondeskuld weg te neem, en dit sal heerlike implikasies vir hulle inhou. Die vraag is: Hoekom doen die Here dit? Wat is dit wat die Here dring om dit alles te doen?

Lees Jer 31:3. Die rede is die liefde van die Here. Ja, meer as dit: die ewige liefde van die Here. Ja, selfs nog meer as dit: die troue liefde van die Here vir die mense wat Hy deel maak van die nuwe verbond. Wat die Here dring om hierdie groot werk in die oorblyfsel te doen, is Sy ewige, troue liefde.

Lees Jer 32:40. Die Here tree op soos wat Hy optree gedring deur Sy ewige, troue liefde, en Hy tree op binne die ewige verbond wat Hy met hierdie mense gesluit het. Water ewige verbond is dit? Wel sekerlik is dit die nuwe verbond waarvan ons in Jer 31:31-34 gelees het. Daar het die Here die belofte van die nuwe verbond gemaak. Die rede waarom die Here die ewige verbond gesluit het, is Hy is gedring deur Sy ewige troue liefde. Die doel met die verbond is dat die Here Homself verbind om Homself nooit te weerhou daarvan om aan hulle goed te doen nie. En dit is deur die feit dat Hy soveel goedheid aan hulle bewys, dat hulle ontsag vir hom sal hê in hulle harte – en onthou die Here

het aan hulle nuwe harte gegee! Daarom sal hulle nie van Hom wegdraai nie, daarom sal hulle vreugde in die Here hê, en daarom sal die Here ook vreugde in hulle hê!

Verstaan jy die wonder van wat hier gebeur? Die hele volk het in sonde geval.Die hele volk is in ballingskap weggevoer. Maar die Here is lief vir sommiges van die volk. Hy het 'n ewige en troue liefde vir hulle. Dit is aan hulle dat Hy hom met 'n verbond verbind. Die inhoud van die verbond is dat Hy hulle nuut sal maak. Dan sal hulle die Here dien met ontsag. Die doel met die verbond is dat die Here Homself verbind om altyd aan hulle nét goed te doen. Die uiteinde sal groot vreugde wees: die Here sal vreugde in hulle hê, en hulle sal vreugde in Hom hê.

En as jy gewonder het hoe seker is hierdie onderneming van die Here, lees Jer 31:35-37. Die Here getuig: Solank die voorskrifte wat die Here vir die son, maan, sterre, die see en die golwe gegee het, in plek bly, solank as wat die hemelruim nie gemeet kan word nie, solank as wat die fondamente van die aarde nie vasgestel kan word nie – vir solank beloof die Here dat Israel vir Hom 'n nasie sal wees, vir solank beloof die Here sal Hy Israel nie verwerp nie. Kortom, dit is 'n ewige verbond wat berus op God se ewige troue liefde.

En geliefdes, nou gaan ons Jer 33:19-22 lees – dit is eenvoudig aangrypende verse, verse wat krities belangrik is as ons enigsens die verbondshandelinge van die Here wil verstaan – lees dit. Kyk mooi na wat ons hier lees: Die Here verwys na die verbond wat Hy gesluit het waarvolgens Hy beloof het om dag en nag op tyd te laat bly aanbreek. Water verbond is dit? Dit was in die Noagverbond dat die Here beloof het om nie weer die aarde te vernietig soos tydens die sondvloed nie – lees Gen 8:22: "Al die dae wat die aarde nog daar is, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie." Hierna verwys die Here na die verbond met Dawid, vir wie daar altyd 'n Seun sal wees om as Koning te regeer. Hierna verwys die Here na die verbond met die Leviete wat diens moes doen om offers te bring, dit is natuurlik die Sinaiverbond. En hierna beloof die Here om aan Dawid en die Leviete 'n nageslag te gee wat so groot in getal sal wees as die hemelliggame en die sand van die see – wat natuurlik 'n verwysing is na die verbond met Abraham (Gen 15:6, 22:17). En die konteks waarbinne hierdie verse verskyn, is die Here se belofte van die nuwe verbond. Sien jy dit? Die Here koppel die Noagverbond, die Abrahamverbond, die Sinaiverbond, en die Dawidverbond aan mekaar in die beskrywing van die nuwe verbond! Dit is hoekom ons die verbonde aan mekaar moet verbind – want die Here verbind hulle aanmekaar. Dit is hoekom ons die opbou van die Here se openbaring in die verbonde moet bestudeer – want hulle bou op mekaar. Daar is nie net 'n verband tussen die Sinaiverbond en die nuwe verbond nie, maar ook tussen al die ander verbonde en die nuwe verbond. Dit is net logies dat dit so moet wees – want die ewige verbond van die Here is gedring deur Sy ewige, troue liefde – en hierdie liefde is ewig en getrou, dit verander nie. Ek beplan om op 'n later stadium 'n preek juis hierop te laat fokus. Intussen, neem kennis die nuwe verbond volg logies op die vorige verbonde, trouens die nuwe verbond is waarheen al die vorige verbonde opgebou het – hier is die klimaks van die verbondsluitings.

<u>Afsluiting</u>

Vandag het ons besin oor: die nood aan verlossing, die belofte van die Here vir verlossing, aan wie die Here verlossing beloof, hoe die Here die verlossing gaan bewerk, wat die effek van die verlossing gaan wees, en ook wat die Here dring om mense te verlos. Ons het dit alles uit 'n paar hoofstukke in Jeremia, d.w.s. in die Ou Testament, geleer. Ek glo ons verstaan wat die rede was vir die nood aan verlossing – dit was die volk se sondeskuld. Ek glo ook ons verstaan wat die straf van die Here oor hierdie sonde was – dit was die ballingskap. Maar ek dink wanneer dit kom by wat die verlossing van die Here behels, maak ons dikwels die gevolgtrekking dit moet die terugkoms van die volk uit ballingskap wees – en daar is inderdaad sterk aanduidings dat dit die geval is: immers beloof die

Here terugkeer na en oorvloed en seën in die beloofde land. Maar daar is ook ‘n paar probleme met hierdie siening – die Here beloof Juda en Israel sal terugkom – maar die res van die Ou Testament beskryf net ‘n deel van Juda wat terugkom. En wanneer hulle terugkom, lyk dit nie of alles so goed gaan as wat die Here beloof het nie. Verder, die verlossing van die Here bevat elemente soos nuwe harte en effektiewe sondevergifnis – wat ook nie met die terugkeer uit die ballingskap vir die ballinge gegeld het nie. Boonop, verlossing word beloof in terme van die nuwe verbond – maar die nuwe verbond tree eers in die Nuwe Testament volledig in werking. Dit alles laat die vraag ontstaan: Wie is die oorblyfsel uit Juda en Israel wat die Here gaan verlos? Wat is die land waarheen hulle gaan terugkeer? Hoe moet ons dan die ballingskap verstaan? Hoe moet ons dan die terugkeer uit ballingskap van ‘n deel van Juda in die Ou Testament verstaan? Ek hoop om volgende week dit te hanteer.

Maar kan ek intussen die volgende uitlig: Die basis van die Here se verlossing is Sy ewige troue liefde. En die manier waarop die Here Sy liefde betoon deur effektiewe en ewige verlossing te bewerk, word beskryf in God se verbonde – wat almal logies op mekaar volg en logies opbou na ‘n klimaks – die nuwe verbond.